# Onversadigde Honger en Dors

Soos ons reeds weet, bestaan die mens uit gees, siel en liggaam. Drie afsonderlike 'werkstasies' wat kompleks saamsmelt in een volmaak werkende wese. Die een kan nie sonder die ander reg funksioneer nie.

Ons is geskape na die beeld van God deur die Gees van God. Dis Sy asem wat aan ons lewe skenk. Sy wil wat ons gevorm het.
Geskape as 'wesens' wat in verhouding moet leef. Verhouding eerstens met God (gees), dan met onsself (siel) en dan met ander (liggaam). Om in verhouding te leef, moet ons vervuld wees op al drie vlakke. Met ander woorde-

Ons verhouding met God moet reg wees (Sy Heilige Gees moet in ons teenwoordig wees om ons 'geestelike dimensie' te vul en voed). Ons verhouding met onsself moet reg wees (ons denke moet gesond wees, sodat ons 'sielsdemensie' reg kan funksioneer. Ons verhouding met ander moet reg wees (hier speel ons liggaamlike aksies en optrede 'n baie groot rol). As daar op enige van hierdie drie vlakke 'n leemte ontstaan gooi dit ons van balans af. Soveel so, dat dit mettertyd aldrie vlakke van menswees beïnvloed.

Dit laat 'n groot dors en honger in ons ontstaan. 'n Hunkering om daardie leemte te vul sodat ons weer normaal, en binne konteks, kan funksioneer.

Ongelukkig voed ons nie altyd hierdie leemtes vanuit die regte bronne nie. Ons skarrel rond en gryp na goedkoop plaasvervangers, wat net tydelike verligting bring. So sal iemand wat emosioneel 'honger' is, hulleself vergryp aan kos, drank, dwelms, pornografie, ens, om daardie onversadigde dors en honger te probeer stil.

Maar omdat dit slegs 'plaasvervangers' is, is die resultate nie blywend nie, en moet dit oor en oor herhaal word, wat mettertyd verslawing meebring, sonder werklike vervulling. En dis die vyand se sterkste wapen, om ons, as mens, te vernietig.  Want soos 'n kanker takel dit mettertyd jou gees, siel en liggaam heeltemal af.

As daar vanoggend in jou 'n onversadigde dors en honger is. Jy miskien verslaaf is aan kos, drank, dwelms, pornografie of wie weet wat, om 'n leemte te probeer vul, dan wil ek jou nooi om saam met my by die voete van Jesus te kom kniel en hierdie verslawing finaal aan Hom oor te gee. Kom bely jou menslike swakheid voor Hom en vra Hom om die kettings om jou los te breek. Jou vry te maak van hierdie selfvernietiging.

Kom drink jou versadig aan die Lewende Waters van genesing. Was jou skoon in Sy liefdesbloed wat gevloei het sodat die mag van sonde en dood oor ons gebreek kan word. Nooi Sy Gees om in jou te kom woon, want as jy Hom in beheer van jou lewe plaas, sal daar mettertyd ook vernuwing in jou siel en liggaam kom, wat jou totale menswees sal laat stabiliseer.

Onthou net, die vyand gaan uit sy pad gaan, alles in sy vermoë probeer, om jou weer van die wa af te gooi. Daarom moet jy waaksaam wees en sorg dat daar nie weer leemtes ontstaan nie. Dis 'n daaglikse proses om jou vol te hou vanuit 'n gesonde bron.  Die oomblik as jy nalaat om jou vol te tap uit die lewegewende bron, laat jy toe dat leemtes ontstaan wat die vyand baie gou en gretig met besoedelde waters sal kom vul.

Matteus 5:6 "Geseënd is die wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versagdig word."

Johannes 4:14 "maar wie van die water gedrink het wat Ek hom gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee."

Johannes 6:35 "Maar Jesus sê vir hulle: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie." :37 "...en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie."

Hy nooi ons vandag om daardie smagting na vervulling, na heelword (maak nie saak op watter vlak nie) by Hom te kom voldrink.

Geleen

# ‘n Vrou se Gebed

“Here, gee my asseblief geloof soos Sara
sodat ek seker kan wees van die dinge waarop ek hoop.
Gee my dan trane van hoop soos Hanna.
Ek vra ook vir Ragab se waagmoed,
sodat reg sal geskied.
Mag Debora se leierskap my help
om die regte keuses te maak.

... Ek vra ook klein bietjie van Delila se hart,
sodat ek die duiwel sal kan uitvang.
Here, help dat ek soos Naomi,
nooit sal opgee nie.
Mag ek soos Orpa en Rut,
die mense wat ek liefhet,
nooit in die steek laat nie.

Help asseblief dat ek soos Esra
sal sorg dat “menslike tempels” herbou sal word.
Jesus, ek vra vir Koningin Ester se skoonheid
maar laat dit asseblief van binne-in my uitstraal.
Laat die “Vrou van Spreuke 30” my naambordjie dra,
en gee my asseblief krag om soos die
meisie van Hooglied my man te bemin

en Help dat ek sal klou
aan die ewige lewe
soos Jaïrus se dogter.
Gee my ook asseblief
die vyf verstandige meisies se wysheid
om ekstra olie vir my lampie te vat,
sodat ek altyd vir U skyn.

En die selfde wysheid
om soos die arm vrou,
alles wat ek besit, vir U te gee.
Laat my leer uit Eva se foute asseblief Liewe Heer,
sodat ek die regte lewensbesluite sal maak.
Spreek deur my die goeie nuus
van U wat lewe,
soos deur Maria Magdalena en ander Maria.

Here, en dan die vrou van alle vroue
... U mamma... Maria...
Maak my asseblief bereid, net soos sy,
om my hele lewe en alles wat ek oneindig liefhet,
vir U op te offer,
want U is my gunsteling
en ek wil ‘n vrou so na U hart wees!
Ek bid en vra dit in Jesus naam.
Amen”



Lourensrivier-Strand

VirDieKleinspan

# Reiniging van 'n Melaatse

Op 'n dag het Jesus in 'n stad gekom. Daar was 'n melaatse man. Toe die melaatse man vir Jesus sien, het hy voor Jesus op die grond geval met sy gesig teen die grond. Hy het vir Jesus gesoebat en gesê: "Jesus, as U wil, kan U my gesond maak."

Jesus het sy hand uitgesteek en aan die man geraak en gesê: "Ek wil dit doen. Ek maak jou gesond." Dadelik was die man nie meer melaats nie.

"Jy moet dit vir niemand vertel nie." Het Jesus vir die man gesê, en toe verder gepraat: "Gaan wys vir die priester jy is gesond en doen dan wat Moses in die wette geskryf het. Bring die offers omdat jy rein geword het. Dan sal die priesters weet jy is rein."

Die mense het toe nog meer gepraat oor alles wat Jesus gedoen het.



Baie mense het bymekaargekom om na Jesus te luister. Hulle wou ook hê Jesus moet hulle siektes gesond maak. Jesus het baie mense gesond gemaak, maar Hy het ook altyd graag na stil plekke gegaan om alleen te wees en daar te bid.

Lukas 5: 12-15

